# Die beginsels van Mekaar

## Groet mekaar



**Rom 16:16 -** Groet mekaar met 'n heilige kus. Die gemeentes van Christus groet julle.

**Luk 22:47 –** Een Judas het nader gekom na Jesus om Hom te soen.

## Bid vir mekaar

**Jak 5:16 -** Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.



**Job 42:10 -** En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die Here het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen.

**Matt 5:44 -** Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;

## Aanvaar mekaar



**Rom 15:7 -** Neem daarom mekaar aan, soos Christus ons ook aangeneem het, tot heerlikheid van God.

**Rom 2:11 -** Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie.

# Bemoedig mekaar



**1 Tess 5:11 -** Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.

**Rom 14:19 -** Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien.

# Dien mekaar



**Gal 5:13 -** Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde.

**Matt 20:26-28 -** maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.

# Verdra mekaar




**Efes 4:1-2 -** EK vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra

**Kol 3:12-13 -** Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.

# Leef in vrede met mekaar



**1 Tess 5:12-13 -** Broers en susters, ek wil julle mooi vra om groot respek vir al die leiers in die kerk te hê. Onthou, die Here het hulle aangestel om sy wil aan julle bekend te maak. As julle die spoor byster raak, moet hulle julle aanspreek, en as julle swaarkry, moet hulle julle vertroos. Wees baie lief vir hulle en sien op na hulle. Moet asseblief nie onder mekaar stry en baklei nie.

# Wees gasvry teenoor mekaar

**1 Pet 4:9**

Wees gasvry jeens mekaar sonder om te murmureer.





# Leer en vermaan mekaar

**Kol 3:16** - Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.

# Dra mekaar se laste



**Gal 6:2** - Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.

# Vergewe mekaar

**Kol 3:13** - Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.



# Wees lief vir mekaar



**1 Pet 4:8** - Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.